# NUUS UIT DIE DIAKENBANK

Die diakonie se inligtingkommunikasieblad waardeur nuus of mededelings met die gemeente kommunikeer word.

## Sondag, 27 Augustus 2023

"Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van Sy naam"
Psalm 23:3

==========================================================================

**Kollektes tydens die Nagmaaldiens**

Die kollektes tydens die Nagmaaldiens word aan die gemeentes van Rooiwal en Elandspoort opgedra. Beide gemeentes ervaar finansiële uitdagings weens die areas van armoede en ellende waarin die gemeentes arbeidsaam is.

Vind die inligting oor die dienswerk van hierdie groep in die Waterkruik.

**Vervoer van- en na kerkdienste**

As daar hulp verlang word of hulp met vervoer verleen kan word aan lidmate wat graag eredienste op Sondae wil bywoon,

Kontak Diakonie Skriba, Herman Bonnet 071 871 2288, vir die nodige reëlings daaromtrent.

**Diakonievoorsitter**

Herman van Heerden is verkies tot Voorsitter van die diakonie vir die volgende ampstermyn van Augustus tot Augustus 2024. Ons vra ook voorbidding dat Herman in sy dienswerk toegerus sal word tot opbouing van die liggaam van Christus en sy mede-diakens so sal lei dat die middele wat gegee word sorgvuldig beheer word en met wysheid bestee word.

Dankie aan Hanno Steenkamp vir sy leiersrol en toegewydheid as voorsitter in Sy diens. Hanno was getrou in Sy diens en het as Herman se voorganger,`n voorbeeld gestel en opgetree as dienaar van God.

**Samevatting van die stand van die diakonie finansies**

Met die toenemende groei van nuwe lidmate wat hul geestelike tuiste in Waterkloofrand-gemeente gevind het, het die bydraes deur kolletes ook met dank aan die Here se Seën gegroei en kan die diakonie ondersteuning bied aan ons lidmate wat onderstand benodig.

Lidmate wat bewus is van `n gemeentelid wat finansiële hulp benodig, word versoek om met die wyksdiaken kontak te maak of onder die aandag te bring van die Diakonie Voorsitter, Herman van Heerden 082 604 3352.

(Dié inligting word baie vertroulik hanteer en slegs die betrokke diaken en ouderling dra kennis van die besonderhede).

**Nagmaalete, Sondag 27 Augustus**

Die diakonie is verantwoordelik vir die Nagmaalete vandag. Lidmate word uitgenooi om na die bediening van die Heilige Sakrament aan te sit by die feestafel saam met medegelowiges en om God te dank vir Sy groot genade en getrouheid in ons daaglikse lewens. Die diakonie word ondersteun met die voorbereiding van die maaltyd deur die

susters van wyke 9,11,19, 20, 26. Die nuwe lidmate word in besonder hartlik uitgenooi om te deel in die saameet- en kuiergeleentheid.

Bring slegs u eie eetgerei en drinkgoed in die mandjie saam.

**Die Glaskas**
So met die uitstap op Sondae met die oggend- en aanddienste, gooi gerus al die blink en dowwe muntstukke wat die beursie onnodig laat bult, in die "glaskas", geplaas in die ingangsportaal van die kerkgebou se hoofingang se deur. Dié inisiatief sorg vir sakgeld vir die kinders van die President Kruger Kinderhuis in Pretoria.

**Diaken verwelkomingsgroep**
Die diakens voel geroepe om hul gawes aan te wend om die nuwe intrekkers van ons gemeente gemaklik te laat inskakel deur hul liefdestaak van ondersteuning en onderskraging onder die gemeenskap van die gelowiges te bevorder.

Nuwe lidmate wat betrokke wil raak en inskakel by die aktiwiteite van die gemeente, skakel met Diakonie Voorsitter Herman van Heerden by 082 604 3352.

**Kontantloos en kollektesakkie?**
Met baie oorweging het die kerkraad die gebruik van die **"SnapScan",**`n vinnige, maklike en kontantlose betaalopsie as `n vrywillige opsie vir kollektebydraes onder die diens, goedgekeur en aan die gemeente op Sondag 20 Augustus na afloop van die erediens, bekendgestel. Deur die aflaai van `n toep, word die selfoonkamera gebruik om die kodes agterop die Waterkruik te skandeer en deur `n maklike proses, as alternatiewe betaalopsie vir kollektebydraes gemaak.

Die gebruik van kontantkollekte-bydraes bly onveranderd.

**Die President Kruger Kinderhuis Pretoria sê DANKIE!**
Daar is groot dankbaarheid vir die individuele finansiële bydraes en donasies, middele in die vorm van groot wildsvleisskenkings, pizzas, varsvrugte en groente, warmsjokelade, koekies, soeteetgoed en toiletware wat deurlopend deur gemeentelede in die laaste paar maande bygedra is om hierdeur verligting te bring met die finansiële uitdagings b die kinderhuis. Skakel met die diakonie of Marianna du Plessis 063 076 9135 vir hulp of betrokkenheid.

**Muntlegging tydens die 60 jaar vieringe**
Tydens die 60-jarige viering van Waterkloofrandgemeente het die kleingoed van die gemeente `n muntlegging, wat deur die insameling van `n muntkollekte en glasbottels vol munte wat uitgeskud is, uitgelê op die plaveisel van die binneplein. Lede van die diakonie het elke munt van die grond af versamel en daarna getel. Deur hierdie inistiatief is die bedrag van **R1 862.60** ingesamel wat deur die diakonie aan die kinderhuis geskenk is. Dankie aan Sandra Reynders vir die oorspronklike voorstel en die lidmate se bydraes van bottels en blikke vol bruin en blink munte.

Groete uit die diakoniebank Saamgestel deur Marianna du Plessis namens die diakonie/Augustus 2023